

23 Junie

Skrifgedeelte: Handeling 25:13-27

Die evangelie is vir almal

Lukas vertel hoe Festus alles in sy vermoë gedoen het om Paulus teen die Jode te beskerm. Oor die algemeen was die Romeinse houding en optrede teenoor volgelinge van Jesus billik en regverdig. Hulle verstaan dat die evangelie nie direk vir die Romeinse Ryk 'n bedreiging inhou nie.

As Festus vir koning Agrippa van Paulus vertel, vermeld hy in vers 16 hoe hy aan die Jode verduidelik het dat hy streng volgens die Romeinse reg optree. Hy lewer nie sommer 'n gevangene sonder verhoor uit as 'n guns. Verder het hy Paulus "sonder uitstel" verhoor (vers 17). Laastens bely hy sy onkunde oor die Joodse ingewikkeldhede van die saak. Hy weet nou ook nie mooi wat hy vir die keiser moet skryf presies wat die aanklag teen Paulus is nie (vers 26-27). Miskien kan Agrippa hom daarmee help. Op dié wyse bevestig Lukas weer dat die Here Rome in sy diens gebruik om die voortgang van die evangelie te verseker.

Dis nie net Rome wat in diens van die Here staan nie. Ook die Jode het 'n rol te speel. Hulle vyandskap teen Paulus en sy sendingwerk dra daartoe by dat Paulus telkens verder moet reis – en so versprei die evangelie gou deur die Ryk. By monde van Agrippa, die koning van die Jode, word in Hand 26 ook gesê dat Paulus onskuldig is. As Paulus die groot saal ingelei word om hom voor Agrippa te verdedig, word melding gemaak van al die vername gaste (vers 23). Lukas sê hiermee dat die evangelie ook vir die hoogste kringe bedoel is; nie net die eenvoudige vissers van Galilea nie, maar ook die konings, goewerneurs, generaals en heersers van die wêreld moet tot geloof kom. God se koninkryk is wêreldomvattend. Juis daar waar die hoogste beslissings gemaak word, moet sy heerskappy bely word. Ook die konings, presidente, goewerneurs en administrateurs moet buig voor Jesus die Koning. Bid ons genoeg vir mense in gesagsposisies? Hulle arbeid kan slegs van betekenis wees as dit geskied in die lig van die komende koninkryk.

Sing: Psalm 45:1,16

Prof F Denkema (Potchefstroom)